education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2005

**GESKIEDENIS V1**

**STANDAARDGRAAD**

**OKTOBER/NOVEMBER 2005**

**Punte: 150**

**2½ Ure**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n ADDENDUM van 11 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE**

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat besluit word watter vrae beantwoord gaan word.

1. Die vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A bestaan uit SES (6) opstelvrae.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE (3) brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat gebruik gaan word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM.

4. Jy word toegelaat om EEN (1) opstelvraag en EEN (1) brongebaseerde vraag van dieselfde tema te beantwoord.

5. MOENIE TWEE (2) opstelvrae uit dieselfde tema beantwoord NIE.

6. Beantwoord DRIE (3) vrae.

   6.1 Minstens EEN (1) moet 'n opstelvraag wees en minstens EEN (1) moet 'n brongebaseerde vraag wees.

   **6.2 JY MOET MINSTENS EEN (1) VRAAG UIT DIE VERPLIGTE TEMA BEANTWOORD: DIE PERIODE 1948 TOT 1976 (ÓF 'N OPSTELVRAAG ÓF 'N BRONGEBASEERDE VRAAG).**

7. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees.

8. Skryf duidelik en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTELVRAE**

Beantwoord ten minste EEN (1) vraag en nie meer as TWEE (2) vrae uit hierdie afdeling nie.

**VRAAG 1: DIE PERIODE 1924 TOT 1948**

Beantwoord óf VRAAG 1A óf VRAAG 1B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

**VRAAG 1A**

Beskryf die stappe wat deur Generaal JBM Hertzog geneem is om Suid-Afrika se konstitusionele onafhanklikheid in die periode 1926 tot 1934 te verseker. **[50]**

**OF**

**VRAAG 1B**

Verduidelik die omstandighede wat daartoe gelei het dat Dr DF Malan van die Nasionale Party die Eerste Minister van Suid-Afrika in 1948 geword het. **[50]**

**VRAAG 2: DIE PERIODE 1948 TOT 1976**

Beantwoord óf VRAAG 2A óf VRAAG 2B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

**VRAAG 2A**

Bespreek die passiewe versetveldtogte in Suid-Afrika vanaf 1948 tot 1958 as 'n dapper poging deur die onderdruktes om die mag van die apartheid 'regime' uit te daag. **[50]**

**OF**

**VRAAG 2B**

Beskryf die periode van militante weerstand vanaf Sharpeville (1960) tot Soweto (1976). **[50]**

## VRAAG 3: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

Beantwoord óf VRAAG 3A óf VRAAG 3B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

### VRAAG 3A

Bespreek die rol wat die vakbond-beweging in die stryd teen die apartheid regering gedurende die 1980's gespeel het. **[50]**

**OF**

### VRAAG 3B

Beskryf hoe die politieke uitdagings van die vroeë 1990's oorkom was deur die proses van onderhandelinge wat gelei het tot 'n demokratiese Suid-Afrika in 1994. **[50]**

**AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE**

Beantwoord ten minste EEN (1) vraag uit hierdie afdeling. Bronmateriaal vir die beantwoording van hierdie vrae is in die ADDENDUM.

**VRAAG 4: DIE PERIODE 1924 TOT 1948**

**4.1 HOE HET DIE PROSES VAN VERSTEDELIKING DIE SWART SUID-AFRIKANERS IN DIE 1940's BEÏNVLOED?**

Gebruik Bronne 4A, 4B en 4C om die volgende vrae te beantwoord:

4.1.1 Verwys na Bron 4A.

a) Waarom was dit nie moontlik vir Mashini om verder as Standerd Agt (Graad Tien) skool by te woon nie? (2 x 1) (2)

b) Waarom was Mashini as 'n produk van verpligte verskuiwings beskou? (2 x 2) (4)

c) Verduidelik waarom die regering geen simpatie gehad het met die lyding ervaar deur Mashini en haar ouers nie. (2 x 2) (4)

4.1.2 Gebruik Bron 4B en beskryf die omstandighede waaronder swart Suid-Afrikaners in die 1940's geleef het. (4 x 1) (4)

4.1.3 Op watter wyse bevestig *Bantu World* (Bron 4B) Mashini se ervaring in Bron 4A gegee? (2 x 2) (4)

4.1.4 Gebruik bewyse uit Bron 4B, verduidelik waarom die koerant nie die regering se beleid van verpligte verskuiwings ondersteun nie. (3 x 2) (6)

4.1.5 Gebruik Bron 4C om die volgende te beantwoord:

a) Wat was die verskille tussen Walter Sisulu en W Carr se standpunte oor James Mpanza? (4 x 2) (8)

b) Verduidelik waarom hulle verskil het in hul siening van James Mpanza. (3 x 2) (6)

4.1.6 Gebruik al die bronne en jou eie kennis, en skryf 'n paragraaf van sowat 15 reëls oor hoe verstedeliking swart Suid-Afrikaners wat in informele (plakker) nedersettings gedurende die 1940's gewoon het, geaffekteer het. (12)
**[50]**

**VRAAG 5: DIE PERIODE 1948 TOT 1976**

5.1 **WAT WAS DIE REDES VIR EN DIE REAKSIES OP DIE VRYHEIDSMANIFES IN DIE 1950's?**

Gebruik Bronne 5A, 5B en 5C om die volgende vrae te beantwoord:

5.1.1 Verwys na 5A.

a) Waarom was dit vir die ANC nodig om met ander groepe, veral blankes, saam te werk in die opstel van die Vryheidsmanifes? (2 x 2) (4)

b) Verduidelik hoe Pieter Beyleveld se teenwoordigheid gehelp het om die idee dat die Vryheidsmanifes anti-blank was, die nek in te slaan. (2 x 2) (4)

c) Watter aksie het die regering geneem teen die sleutel afgevaardigdes wat die vergadering in 1955 bygewoon het? (2 x 1) (2)

d) Verduidelik die akkuraatheid van die regering se verklaring dat die Kongres-afgevaardigdes die regering met geweld wil omverwerp. (2 x 2) (4)

e) Waarom het die regering die Vryheidsmanifes as 'n "radikale" en "revolusionêre" dokument beskou? (2 x 3) (6)

5.1.2 Verwys na Bron 5B. Wat was die rol wat die vrywilligers gespeel het gedurende die 'Congress of the People'? (2 x 2) (4)

5.1.3 Op watter manier ondersteun Bron 5B die bewyse in Bron 5A? (2 x 2) (4)

5.1.4 Verwys na Bron 5C.

a) Wat was die Afrikaniste se kritiek teen die Vryheidsmanifes? (2 x 2) (4)

b) Waarom het die Afrikaniste die stelling dat "Suid-Afrika aan almal behoort wat daarin bly, wit en swart" uitgedaag in hul weerstand teen apartheid? (2 x 2) (4)

c) Op watter wyse was die Afrikaniste se idee dat die stryd binne Suid-Afrika dieselfde is as in die res van die kontinent? (2 x 2) (4)

5.1.5 Ons herdenk 50 jaar van die Vryheidsmanifes. Gebruik inligting uit al die bronne en jou eie kennis, en skryf 'n paragraaf van sowat 15 reëls oor die belangrikheid van die Vryheidsmanifes vir Suid-Afrika vandag. (10)

**[50]**

**VRAAG 6: DIE PERIODE 1976 TOT 1994**

**6.1 WAAROM HET DIE SUID-AFRIKAANSE REGERING NOODTOESTANDE IN DIE 1980's INGESTEL?**

Bestudeer Bronne 6A, 6B en 6C om die volgende vrae te beantwoord:

6.1.1 Verwys na Bron 6A. Verduidelik die redes vir die Noodtoestand. (2 x 2) (4)

6.1.2 Gebruik die inligting in Bron 6A en identifiseer enige DRIE (3) magte wat die polisie en die veiligheidsmagte gehad het onder die Noodtoestand. (3 x 1) (3)

6.1.3 Verwys na Bron 6B. Verduidelik hoe Colin Eglin reageer het op die Noodtoestand. (2 x 1) (2)

6.1.4 Bestudeer Bron 6C:

a) Beskryf in jou eie woorde hoe June Mlangeni gevoel het oor die Noodtoestand. (2 x 2) (4)

b) Watter bekommernisse het die ouers oor hul kinders in detensie onder die Noodtoestand gehad? (2 x 2) (4)

c) Wat was die DRIE eise wat deur die vroue gemaak is? (3 x 1) (3)

6.1.5 Gebruik die stelling "NEE vir 'n permanente noodtoestand" in Bron 6B saam met die inligting uit die ander bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van sowat 12 reëls oor waarom jy die stelling sal ondersteun of verwerp. (10)
**(30)**

**6.2 HOE HET AANHOUDING SONDER VERHOOR SUID-AFRIKANERS IN DIE 1980's BEÏNVLOED?**

Bestudeer Bronne 6D en 6E om die volgende vrae te beantwoord:

6.2.1 Verwys na Bron 6D.

a) Verduidelik hoe bruikbaar Bron 6D is om aan ons besonderhede te verskaf oor aanhouding sonder verhoor in die 1980's. (2 x 1) (2)

b) Die statistiek in Bron 6D dui aan dat 2 106 uit 11 515 aangehoudenes in 1985 kinders onder die ouderdom van 16 was. Wat sê dit vir jou van die regering se houding teenoor die regte van swart kinders? (3 x 2) (6)

6.2.2 Gebruik die statistiek uit Bron 6D, en verduidelik tot watter mate die Noodtoestand effektief was om die swart weerstand te onderdruk. (2 x 2) (4)

6.2.3 Wat volgens Berry in Bron 6E was die VIER "SWART FRUSTRASIES"? (4 x 1) (4)

6.2.4 Verduidelik waarom aanhouding, as dit met die ander "SWART FRUSTRASIES" vergelyk word, die mees gevreesde frustrasie onder die Suid-Afrikaners in die 1980's was. (4)

(20)

**[50]**

**GROOTTOTAAL: 150**

---oooOooo---

Kopiereg voorbehou

education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GESKIEDENIS V1

# SG

# ADDENDUM

# OKTOBER/NOVEMBER 2005

## VRAAG 4: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

### 4.1 HOE HET DIE PROSES VAN VERSTEDELIKING DIE SWART SUID-AFRIKANERS IN DIE 1940's BEÏNVLOED?

**BRON 4A**

Hierdie is 'n uittreksel van Emma Mashini, 'n aktivis, waarin sy haar grootwordjare in Johannesburg beskryf.

> Ek is in 1929 in die middestad van Johannesburg gebore, en het my lewe lank in die stedelike areas gewoon. Ek is die een met die minste skoolopleiding in 'n gesin van ses. My oudste suster het na 'n kosskool gegaan en het daarin geslaag om haar matriek suksesvol af te lê. Ek was die tweede oudste, en omdat my ma nie gesond was nie, moes ek haar by die huis help met my jonger susters, daarom kon ek nie my skoolopleiding verder as Standerd Agt (Graad 10) voortsit nie.
>
> Ek is 'n produk van vele gedwonge verskuiwings. My vader was 'n melkman, en hy en my moeder het in die agterplaas van 'n blanke gesin met my geboorte gewoon. Toe het hulle na 'n plek met die naam van Prospect Township getrek – een van die eerste areas wat onder gedwonge verskuiwings gely het in die 1930's. Mense is met geweld hiervandaan na Orlando – die plek wat vandag Soweto genoem word – verwyder. My ouers , wat verkies het om nie na Orlando te gaan nie, want dit was toe soos 'n wilde bosveld, het verkies om na Sophiatown te gaan. Dit is waar ek my skoolopleiding gekry het. Ek was by Bantu Hoër Sekondêre Skool – dieselfde skool wat ons Aartsbiskop, Desmond Tutu bygewoon het. Ongelukkig het my ouers nie geweet dat hulle en andere weer eens met geweld uit Sophiatown verwyder sou word nie.

**BRON 4B**

Hierdie is 'n uittreksel uit die *Bantu World* koerant, wat berig het oor die omstandighede waaronder Afrikane (Africans) in die 1940's gewoon het.

> Die grondlose en hawelose mense was besig om geregtelik van blanke plase verwyder te word...want hulle het nie gehoor gegee aan die onverdraagsame voorwaardes wat op hulle deur die plaasboer bestel was nie. Opeenhoping en uiterste armoede het hulle uit die reservate gedwing. Hoe kan uitgehongerde mans en vroue bly waar hulle nie kos kan kry nie?
>
> 'n Rasgebaseerde behuisingsbeleid het meer en meer swart mense in 'lokasies' ingeprop. Gedurende 1944 het die mense van Orlando-township moeg geword vir die oorbevolkte behuisingstoestande en getrek na 'n stuk oop veld daar naby. Daar het hulle hutte van stokke, tin plate en goiingsakke gebou. Hulle is gelei deur 'n man, genoem James Mpanza, wat die 'Sofasonke' (ons sal saam sterf) begin het...

**BRON 4C**

Veskillende standpunte oor James Mpanza, leier van die 'Sofasonke'-beweging.


**Verklaring 1: Walter Sisulu**

J Mpanza was nie ’n politieke man soos ons nie. Sy werk was nie deur baie mense erken nie. Hulle het nie regtig verstaan dat dit ’n militante stryd was nie. Hy het uitgedaag, hy het grond geneem. Hy het besluit dat die mense daar moet bou...Eerstens het hy met my as ’n individu gepraat, ek het gedink dat hy ’n bietjie mal was, maar toe hy dit doen, was ek verplig; en het terloops ander gekry om te help. Ons het daarheen gegaan en gehelp soos wat hy dit wou hê. Dr Xuma (President van die ANC) het terloops vyf-en-twintig pond (omtrent vyftig rand) betaal om te help. Dit was ook die bydrae van die ANC.

**Verklaring 2: W. Carr** (Bestuurder van die Johannesburg Stadsraad se Nie-blanke Sake):

Mpanza was ’n krimineel, hy was ’n boef. Hy het geld uit elke bron wat hy kon, geforseer. Hy was ’n man met ’n baie swak karakter. Hy het meer buite-egtelike kinders verwek as enige persoon voor of na hom in dié deel van die wêreld. Hy het geld gesteel. Hy was altyd dronk. Hy was ’n ondeurdagte pes. Hy het niks, niks met die uiteindelike ontwikkeling van die gebied te doen nie.

**Hierdie is ’n foto van James Mpanza terwyl hy ’n vergadering in 1944 toegespreek het.**



## VRAAG 5: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

### 5.1 WAT WAS DIE REDES VIR EN DIE REAKSIES OP DIE VRYHEIDSMANIFES IN DIE 1950's?

**BRON 5A**

Hierdie uittreksel fokus op die redes vir die Vryheidsmanifes en die onmiddellike reaksie daarop.

Op ’n voorstel van die Kaapse leier van die African National Congress, Professor ZK Matthews, het die African National Congress, die Suid-Afrikaanse Indiërkongres, die Congress of Democrats, en die Coloured People's Organisation besluit om ’n groot nasionale kongres te hou waar linksgesinde simpatiseerders kon aandui watter veranderinge hulle in Suid-Afrika sou verlang. Op 26 Junie 1955 is ’n "Congress of the People" gehou in Kliptown naby Johannesburg, en is deur 2 844 afgevaardigdes van dwarsoor die land bygewoon. In die afwesigheid van Albert Luthuli, die president van die African National Congress, en Dr TM Dadoo, die president van die Suid-Afrikaanse Indiërkongres, wat deur inperkingsbevele verhoed was om die vergadering by te woon, is ’n blanke man, Pieter Beyleveld van die Congress of Democrats, as voorsitter verkies. By die vergadering is ’n "Vryheidsmanifes", waarin ’n sosialistiese demokrasie met gelyke regte aan almal, geëis is, aanvaar. Die dokument begin as volg: ‘Ons, die mense van Suid-Afrika, verklaar aan ons hele land en die wêreld om te weet: dat Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon, swart en wit...'

In die res van die dokument is die veranderinge vir Suid-Afrika, soos versoek, in besonderhede uiteengesit. Al was die Vryheidsmanifes vry van kommunistiese terminologie en begrippe, was dit nogtans ’n dokument wat radikale, selfs revolusionêre veranderinge in Suid-Afrika gepropageer het. Die verkondiging van die revolusionêre idees het nie die regering tevrede gestel nie. In September 1955 het die polisie die huise van honderde linksgesindes deursoek en op ’n groot aantal dokumente beslag gelê. Hierdie dokumente is noukeurig bestudeer en ’n jaar later, in Desember 1956 is 156 persone, beide wit en swart, inhegtenis geneem op die aanklag van hoogverraad. Die klagtes teen hulle was dat hulle ander opgesweep het om die regering met geweld omver te werp. Die beskuldigdes is op borgtog vrygelaat, maar verbied om vergaderings by te woon.

Kopiereg voorbehou 

**BRON 5B**

Hierdie is 'n foto van die Vryheidsvrywilligers (manifes) wat plakkate dra waarop die kongreswiel uitgebeeld word. Hulle is besig om steun te werf vir die 'Congress of the People' in 1955.



**BRON 5C**

Hierdie uittreksel is ’n reaksie van ontevrede Afrikaniste oor die veelrassigheid van die 'People’s Congress' en die gematigdheid van die Vryheidsmanifes. Hierdie Afrikaniste het van die ANC weggebreek en die Pan Africanist Congress gevorm.

Teen die middel 1940's het ’n groep manne binne die ANC hulself Afrikaniste begin noem. Hierdie groep het Robert Mangaliso Sobukwe, Potlako Leballo, en Ashley Peter Mda ingesluit en hulle was toenemend ongelukkig met die ANC se beleid in die 1950's. Hulle was gekant teen die veelrassigheid van die Congress Alliance; en het geglo dat die leierskap van die stryd vir bevryding deur blanke en Indiër kommuniste oorgeneem was. Hulle het die Vryheidsmanifes verwerp, veral die dele wat minderheidsregte waarborg en die stelling dat Suid-Afrika aan almal behoort wat daarin woon, swart en wit. Hulle het geglo in die slagspreuk, 'Afrika vir die Afrikane', en het die meeste blankes as setlaars sonder ’n geldige eis op die grond wat hulle besit, beskryf. Die Afrikaniste het van die ANC in 1958 weggebreek, en in April die volgende jaar formeel die PAC gestig. Sobukwe, ’n leier-teoretikus onder hulle en ’n dosent in Afrika-tale aan die Universiteit van die Witwatersrand, is tot president verkies en Leballo as die nasionale sekretaris. Die meeste ander lede van die uitvoerende bestuur van die party was vorige ANC Jeugligalede...

Die Afrikaniste het gesê dat Suid-Afrika aan die Afrikane behoort; wit koloniseerders het onwettig op groot dele van die land beslag gelê. Hulle het die stryd om vryheid in Suid-Afrika met Afrikane in ander dele van Afrika geassosieer, en wou met Afrikaniste van elders saamwerk om ’n Verenigde State van Afrika te stig. Hulle was geïnspireer deur die anti-imperialistiese leierskap van Kwame Nkrumah van Ghana en Tom Mboya van Kenia, wie se gewildste slagspreuk was dat die blankes uit Afrika moes 'skoert'.

## VRAAG 6: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

### 6.1 WAAROM HET DIE SUID-AFRIKAANSE REGERING NOODTOESTANDE IN DIE 1980's INGESTEL?

**BRON 6A**

Hierdie is 'n uittreksel uit *Soweto A History,* wat fokus op die redes vir die instelling van die Noodtoestand in Suid-Afrika.

> Vanaf September 1984 tot die einde van Julie 1985, is ongeveer 500 mense vermoor in die groeiende onrus in die land, maar meer as 60 persent van die slagoffers is deur die veiligheidsmagte vermoor. Op 21 Julie 1985, het die Staatspresident, PW Botha voor die televisiekameras gestaan en die Noodtoestand aangekondig. Onder die noodtoestand-regulasies was die magte van die polisie en weermag feitlik onbeperk en hulle is toestemming gegee om mense se huise te deursoek, inhegtenis te neem en te ondervra. Hulle is teen vervolging beskerm en as 'n saak voor die hof verskyn, moes hulle slegs bewys dat hulle in goeder trou opgetree het in die uitvoering van hul taak. Die polisie was ook by magte om die media en nuusberigte aan sensuur te onderwerp.


**BRON 6B**

Dit is 'n plakkaat, uit *The Star* koerant wat op 13 Junie 1986 gepubliseer is. Dit wys Colin Eglin, leier van die Opposisie, se reaksie op die instelling van die Noodtoestand.

**Eglin reageer op noodtoestand**

**STOP**
**LE GRANGE SE WET**

**NEE VIR 'N PERMANENTE NOODTOESTAND**



**BRON 6C**

Hierdie is deel van 'n persverklaring wat deur June Mlangeni, van die Federasie van Transvaal-Vroue (Federation of Transvaal Women - FEDTRAW) by 'n perskonferensie op 11 Desember 1987 uitgereik is. Dit is gedoen om die 18 maande van Noodtoestand te gedenk en die 'Sluit Apartheidstronke Oop'-veldtog van stapel te stuur.

My geliefde broers en susters, ons staar as mense 'n beleg van 18 maande in die gesig; hierdie lewenswyse wat ons dwing om soos ingehokte diere in ons huise te woon, word die Noodtoestand genoem. As vrouens moet ons met die strooptogte deur vreemdelinge op ons huise gediend wees. Ons moet gereeld vir die klop aan die deur op ongoddelike ure wag, die klop wat net nog 'n kind sal neem.

Ons sit in ons huise dag na dag en wonder wat met ons kinders gebeur wat in die tronk is en diegene wat as molle (spioene) ondergronds leef, want hulle moet ons stryd voortsit. Die uitwerking van hierdie soort bekommernis veroorsaak die ergste hartseer wat enige persoon kan verdra.

…By die huis veroorsaak hul [kinders se] afwesigheid probleme vir die familie en die dogters wat aangehou word veroorsaak bekommernis as gevolg van die konstante vrees dat hulle verkrag of vermoor sou word deur die polisie. Die vrees dat ander kinders deur die regstelsel, wat die regte van 'n minderheid beskerm, beskuldig kan word, is altyd teenwoordig.

Die aangehoudenes onder die noodtoestand kan slegs een keer elke 14 dae vir 30 minute besoek word – ons word daarvan beroof om ons kinders te sien groei en hulle word weg van ons toegesluit. Die Noodtoestand beïnvloed ook hierdie deel van ons [moeders se] lewens – as ons die kinders besoek, moet ons onbetaalde verlof neem – dit beteken dat minder kos gekoop kan word.

Geen regering het die reg om dit aan mense te doen wat slegs dit vra wat regtens hulle s'n is: Vryheid!

Ons as vroue sê:

- Weg met die Noodtoestand
- Ontban die organisasie van die mense en gee ons leiers terug aan ons
- Geen Noodtoestand sal ooit die wil van die mense van Suid-Afrika vernietig nie!

Kopiereg voorbehou

## 6.2 HOE HET AANHOUDING SONDER VERHOOR SUID-AFRIKANERS IN DIE 1980's BEÏNVLOED?

**BRON 6D**

Hierdie is 'n plakkaat van die Students Community Action Group wat in 1986 gedruk is. Dit gee die besonderhede van Suid-Afrikaners in detensie (aanhouding).



| | |
|---|---|
| **Detensie onder noodtoestand-regulasies in 1985** | **7 878** |
| **Detensie onder veiligheidswetgewing in 1985** | **3 637** |
| **TOTALE DETENSIES 1985** | **11 515** |
| **Kinders onder 16 detensies** | **2 106** |

**UK Verslag: 1985**

| | |
|---|---|
| **Aantal inhegtenis geneem vir politieke redes** | **25 000** |
| **Aantal verhoor** | **1 409** |
| **Aantal skuldig bevind** | **35** |
| **Aantal verban** | **16** |
| **Aantal gemartel** | **83** |

**Aantal Sterftes per Dag as 'n persentasie % uitgedruk**

| | |
|---|---|
| **- Voor die noodtoestand** | **1, 68** |
| **- Sedert noodtoestand** | **3, 68** |
| **- Sedert die beperkinge op die pers** | **4, 10** |
| **- Vir 1986** | **5, 47** |

# NASIONALE DAG VAN AANGEHOUDENES

**BRON 6E**

Hierdie spotprent, getiteld 'BLACK FRUSTRATION', deur Abe Berry beeld die gevolge van die Noodtoestand op swart Suid-Afrikaners in die 1980's uit.



Behalwe in gevalle waar spesifiek aangedui is, is alle materiaal in hierdie addendum vertalings van oorspronklike bronnemateriaal uit Engels.

## ERKENNINGS

Uittreksels en visuele bronne wat in hierdie addendum gebruik is, kom onder andere uit die volgende publikasies:

ANC. n.d. *What Can I Do ? – A Guide to Action Against Apartheid* ([Amsterdam]: World Assembly of Youth)
Beinart, W. 1994 *Twentieth Century South Africa* (Oxford: University Press)
Berry, A. 1989 *Act by Act – 40 Years of Nationalist Rule in South Africa* (Johannesburg: Lowry)
BOPG. 1953 *Agter Tralies en Doringdraad* (Stellenbosch: Pro Ecclesia)
Bottaro, J and P. Visser 1999 *In Search of History Grade 12* (Cape Town: Oxford University Press)
Brickhill, J. 1991 *South Africa – The End of Apartheid?* (London: Aladdin)
Callinicos, L. 1993 *A Place in the City – The Rand on the Eve of Apartheid*, (Cape Town: Ravan & Maskew Miller Longman)
Cameron-Dow, J. 1994 *South Africa 1990-1994. The Miracle of a Freed Nation* (Cape Town: Don Nelson)
Danziger, C. *South African History 1910 – 1970.* (Cape Town: Oxford University Press)
Davenport, T.R.H. 1987 *South Africa: A Modern History* (Bergvlei: Southern Book Publishers)
Dugmore, H et al (ed.). 1999 *Nelson Mandela – A Life in Cartoons* (Cape Town: David Philip)
Du Toit, D. 1981 *Capital and Labour in South Africa* (London: Kegan Paul)
Fenwick, J and C. Rosenhain. 1991 *South Africa; From Settlement to Self -Determination* (Melbourne: Oxford University Press)
Frederikse, J. 1987 *South Africa – A Different Kind of War* (London: James Currey)
Govender, S.P. et al 2004 *New Generation History Study Guide Grade 12* (Musgrave: New Generation)
Govender, S.P. et al 2003 *New Generation History Grade 12* (Musgrave: New Generation)
Graves, F.E and E. Viglieno 2001 *History for Today Grade 12* (Landsdowne: Juta Gariep)
Institute for Justice and Reconciliation 2004 *Turning Points in History Series Books 4 – 6* (Johannesburg: STE Publishers)
Joyce, P. 1990 *The Rise and Fall of Apartheid* (Cape Town: Struik)
Kerfoot, C. (ed.) *We Came to Town* (Johannesburg: Ravan)
Lewsen, P. 1988 *Voices of Protest – From Segregation to Apartheid* (Johannesburg: A.D. Donker)
McMahon P. and E. Schulman. *X-Kit History HG and SG Grade 12* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
Mermelstein, D. 1987 *The Anti-Apartheid Reader* (New York: Grove)
Ministry of Education 2004 *Every step of the way: The journey to freedom in South Africa* (Cape Town: HSRC Press)
Muller, C.F.J. (ed.) 1980 *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis* (Pretoria: Academica)
Nasson, B. (ed) 2004 *Turning Points in History* (Johannesburg: STE Publishers)
New Nation publication (April 16 – April 22 1993).
Nuttal, T. et al *From Apartheid to Democracy* (Pietermaritzburg: Shuter & Shooter)
O'Donoghue, C. June 16, 1976: The Day that Shaped a Nation (*Marie Claire,* June 1998)
Pampallis, J. 1997 *Foundations of the New South Africa* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
Pape, J. et al 1998 *Making History Standard 10 Grade 12* (Johannesburg: Heinemann)
Pike, H.R. 1985 *A History of Communism in South Africa* (Pretoria; Sigma)
Roberts, M. 1993 *A History of South Africa* (Essex: Longman)
Seleti, Y. (series ed.) *Looking into the Past Grade 12* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
Suttner Raymond (n d) *The Freedom Charter – The People's Charter in the Nineteen-Eighties* (Paper delivered at the University of Cape Town)
The Poster Book Collective: South African History Archive. 1991 *Images of Defiance* (Johannesburg: Raven Press)